



Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410



042-273-1335
042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 19/06 2020

Geagte Ouers/Voogde

Gedurende die grendeltyd het hier heelwat by McLachlan gebeur. Behalwe dat dit goed gaan met die persoonlike onderrig van die matrieks en graad 7's, is van die personeel ook besig om die terrein te verfraai. Onder leiding van mnr. Schlechter is 'n laning koraalbome en dadelpalms vir koelte en versiering by die skool aangeplant. Verder is op van die skool se mure kleurvolle plakkate aangebring om die leerders en personeel te herinner aan elkeen se verantwoordelikheid ten opsigte van die Covid 19-virus. Die maatreëls wat by die skool geïmplimenteer is om ons leerders en personeel te beskerm werk goed en ouers kan hul kinders met geruste harte skool toe stuur.

Ek wil graag die volgende weer onder u aandag bring:

1. **Covid-19:**

Ouers moet asseblief seker maak dat kinders met die regte masker skool toe kom. Geen leerder sal op die skoolterrein toegelaat word sonder 'n masker nie. Skoolmaskers is teen R15 by Spektrum te koop.

Alle leerders wat van Hoërskool McLachlan en die Departement van Onderwys se busvervoerdiens gebruik maak, moet op die bus wees met 'n masker.

'n Leerder moet tuis bly indien hy/sy enige van die volgende simptome toon:

- Koors
- Hoes
- Rooi oë
- Asemhalingsprobleme
- Liggaamspyn
- Moegheid of swakheid
- Verlies aan reuk en smaak
- Naarheid
- Braking

Ouers moet die skool dadelik hiervan in kennis stel en 'n kliniek- of doktersertifikaat skool toe stuur.

2. **Toelatings – 2021:**

Die sluitingsdatum vir aansoeke is soos volg:

Gr. 1: 17 Julie 2020

Gr. 2 – 11: 23 September 2020

Indien u enige navrae het, skakel gerus mev. Daleen Strydom.

3. **Klerewinkel:**

Die klerewinkel is slegs op Donderdae vanaf 14:00 tot 14:30 oop.

4. **Grannor Passi-projek:**

Hoërskool McLachlan loods weer in 2020 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is 'n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u 'n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende 'n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons sy voortbestaan kan verseker.

5. **WEN 'n KIA-PICANTO (2020)-fondsinsamelingsprojek:**

Inbetaling word by die registeronderwysers gedoen. Die laaste datum van inbetaling is **7 Augustus 2020**.

- ✓ U as ouer is verantwoordelik vir die boekie en indien u dit verloor, sal u aanspreeklik gehou word vir die inbetaling van R500.
- ✓ Leerders wat 'n tweede boekie wil verkoop, kan daarvoor vra na die eerste inbetaling.
- ✓ Die wenner van die Kia-Picanto (2020) word in Augustus aangewys.

S. Pienaar

S. PIENAAR

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

Posbus 3, Joubertina, 6410

Oos-Kaap, Suid Afrika

Tel: +27 (0) 42 273 1335

Fax: +27 (0) 42 273 1210



Hoërskool McLachlan

INTERNET
GENERATION



Wireless Internet
www.igen.co.za

McLachlan Internet Fasiliteit